# Koninkryk Finansies

# FINANSIËLE KULTUUR

**Lizette Du Piesanie 28/10/2018**

1. **HOE IS JY GROOTGEMAAK?**

**Mattheus 19:23 (Die Boodskap) "Terwyl Jesus die man agterna kyk, sê Hy vir sy dissipels: "Sien julle, dis glad nie maklik vir iemand wat ryk is om 'n plek in God se wêreld te kry nie."**

**1.1.** 'n Mense se finansiële opvoeding het 'n invloed op die verhouding en persepsie wat mens van geld het.

2. **WAT IS JOU VRESE?**

**2.1.** 'n Mens se vrese identifiseer hoe ons werklik oor geld voel.

**Matteus 6:24 (Die Boodskap) "Niemand kan vir twee base werk nie. Jy sal lojaal teenoor een wees en die ander een afskeep. Moet daarom nie eens daaraan dink om God en die geldgod saam te probeer dien nie. Jy moet kies in wie se diens jy wil staan."**

**2 Timoteus 1:7 (1953 Vertaling) "Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."**

3. **RENTMEESTERSKAP**

**3.1.** Ons moet God vertrou dat die porsie wat ons tans het genoeg is. Dit is wat ons moet oppas en groei en ons moenie die heeltyd vir meer soek nie.

**Mattheus 25:23 (1953 Vertaling) "Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer."**

4. **HOEKOM IS ALLE CHRISTENE NIE RYK NIE?**

**4.1.** Ons moet leer om tevrede te wees.

**Filippense 4:11 (AMP) "Moet my nie verkeerd verstaan nie. Dit is nie omdat dit met my so swaar gaan dat ek nie sonder julle hulp kon klaarkom nie. Die lewe het my al geleer om klaar te kom met wat ek het, maak nie saak wat gebeur nie."**

**Filippense 4:19 (AMP) Hy sal vir julle sorg deur vir julle te gee wat julle nodig het. Dit sal Hy doen omdat julle aan Jesus behoort.**

**4.2.** Ons moet ophou vra hoekom is ons nie ryk nie en eerder vra wat moet ek doen met dit wat ek het.

**5. JOU SAAD**

**5.1.** Ons moet saai as ons wil oes.

**Galasiërs 6:9 (Die Boodskap) "Kom ons hou aan om goed te doen. Dit is presies wat die Here wil hê. Dan sal ons op die regte tyd ons oes van Hom ontvang."**

**5.1.** Ons sal oes in die selfde maat as wat ons saai.

**2 Korintiërs 9:6 (Die Boodskap) "Ek gaan nie aan julle voorskryf hoeveel julle moet gee nie, maar ek gee wel vir julle die volgende riglyn: 'n boer wat min plant, kry 'n klein oes, en 'n boer wat baie plant, kry 'n groot oes."**

## Gesprek Gits

## Koninkryk Finansies 2

## Finansiële Kultuur

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Hoe het jou finansiële opvoeding 'n invloed gehad op jou verhouding en persepsie van geld?
2. Wat is jou vrese rondom geld?
3. Is jy tevrede met dit wat jy op die oomblik het? Is jy tevrede met jou inkomste en met jou leefstyl?
4. Is jy vrygewig met dit wat jy het of hou jy daaraan vas?